1. KENNISGEWING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE AHI BESIGHEIDSNETWERK, REGISTRASIENOMMER 1942/015580/08

Kennis word hiermee gegee dat die Algemene Jaarvergadering van die AHI op Donderdag 20 Oktober 2016 te Leriba Lodge, Centurion, plaasvind met die volgende oogmerke:

- om die voorsittersrede en die verslag van die hoofuitvoerende beampte van die AHI te lewer;

- om die AHI se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2016, insluitend die ouditeursverslag goed te keur;.

- om die sake en handelinge wat deur die direksie van die AHI namens die organisasie onderneem en uitgevoer is te bevestig;

- om die 2de Visepresident te verkies;

- om lede tot die Nasionale Raad te verkies;

- om die ouditeure aan te stel;

- om enige ander sake (mosies) te hanteer wat die algemene jaarvergadering in terme van artikel 75 van die Wet en die AJV geregtig is om in behandeling te neem en waarvan behoorlik kennis gegee is deur die direksie aan al die belangegroepe van die AHI.

2. NOMINASIES:

- **WIE MAG NOMINEER:**

Korporatiewe-lede, Silwer Sakelede, Sakelede en Voorsitters van Sakekamers en hul bestuur.

Neem asb. kennis dat mnr. Sipho Nkosi, voorsitter van Talent[10], en voormalige Uitvoerende Hoof van EXXARO, deur die direksie as tweede visepresident genomineer is.

- **PRESIDENT & 1STE VISEPRESIDENT**

Volgens die MOI skuif die 1ste Visepresident outomaties na die posisie van President en die 2de Visepresident skuif na die posisie van 1ste Visepresident.

3. STEMREG

Slegs volopbetaalde lede en sakekamers sal stemreg mag uitoefen. Sakekamers se stemme word volgens die aantal lede toegedeel en ons versoek dus dat voorsitters 'n ledelys saam met hul nominasies deurstuur;

4. STEMME TOEGEKEN: **Soos goedgekeur tydens die Direksievergadering van 21 Julie 2015.**

Sakekamers : 1 stem vir elke 50 lede met 'n maksimum van 5 stemme (slegs by ontvangs van volledige ledelyste).

Sakelede :	**R 1 000,00 – R 10 000,00**	**=**	**1stem**
	R 20 000,00 – R 30 000,00	**=**	**2 stemme**
	R 30 000,00 – R100 000,00	**=**	**5 stemme**
	R100 000,00 +	**=**	**10 stemme**

Ons ontvang graag u nominasies en volmag tesame met volledige sakekamerledelyste teen 9 September 2016.

Geen nominasies of volmagte sal na 9 September 2016 aanvaar word nie.

Vriendelike groete

(DR) ERNEST MESSINA
UITVOERENDE HOOF